

Lucas Meyer Primêre Skool



19 Januarie 2026

OMSENDERBRIEF: OSB 02/2026

Geagte Ouers/Voogde

MEDIESE DEKKING VIR LMS LEERDERS

Ons wil u graag inlig oor die mediese dekking wat vir ons skool se leerders beskikbaar is. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie dekking slegs van toepassing is op leerders wat nie oor eie mediese fondsdekking beskik nie.

Verder is dit baie belangrik dat enige mediese eis **op die dag van die besering** aangemeld en geregistreer word. Eise wat eers later ingedien word, kan ongelukkig nie verwerk word nie. Alle eise moet deur die skool geregistreer word om geldig te wees. Slegs behandeling op die dag van die besering word deur die medies gedek. Geen verdere behandeling word deur die medies gedek nie.

LMS GHOLFDAG – 8 & 9 MEI 2026

Neem asseblief kennis dat die datum van ons skool se gholfdag, soos aangedui op die kwartaalprogram, verander is. Die nuwe datums is 8 & 9 Mei 2026. Ons versoek vriendelik dat u hierdie verandering in u kalender aanbring.

LMS SPORTDRAG

Neem asseblief kennis dat daar vanaf Junie-maand 'n nuwe sporthemp en sportbroek as deel van ons skooldrag beskikbaar sal wees. Ouers sal 'n tydperk van een jaar gegun word om die nuwe sportdrag aan te koop. Gedurende hierdie oorgangstydperk sal die nuwe sportdrag geleidelik by die skool infaseer word.

SKOOLFONDS

Ons versoek dat u die familiekode op u staat gebruik as verwysing wanneer u 'n internetbetaling maak vir u kind se skoolfonds. Na afloop van verlede jaar se Algemene Jaarvergadering is daar 'n besluit geneem rakende die betaling van skoolfonds. Ouers wat teen die einde van Junie-maand meer as een maand agterstallig is met skoolfonds, sal ongelukkig onmiddellik aan die skool se prokureurs oorhandig word vir invordering. Ons versoek vriendelik dat u betyds met die skool in verbinding tree indien daar enige betalingsuitdagings is, sodat ons saam 'n oplossing kan vind.

Vriendelike groete

P.J. AUCAMP
HOOF

